MAGALIESKRUIN Gemeente

Tel: 012 548 1245
Adres: Joycelaan 150, Magalieskruin
E-pos: magaliesklein@telkomsa.net
FB: Magalieskruin Gemeente - Algemeen

www.magalieskruin.com

FAMILIENUUS

Maart 2019

KLEINGROEPE: NUUS

►Dit is die begin van die jaar en tyd vir 'n nuwe geestelike groei-ervaring. Kleingroepe is vriendskapsgroepe wat saam geestelik groei. Dit is ook die plek waar die groot gemeente persoonlik raak. Magalieskruin het 'n verskeidenheid kleingroepe (omgeegroepe, Bybelstudies, selgroepe, vrouegroepe en mannegespreksgroepe) wat op 'n gereelde basis vergader. Kontak vir Janine Joubert by die kerkkantoor (012-548-1245) om betrokke te raak. U kan ook 'n e-pos stuur aan haar by magaliesklein@telkomsa.net.
►Die teeskinkbeurtlys vir 2019 is per epos aan die Kleingroepleiers gestuur. Dankie vir die bevestigings wat reeds ontvang is van julle teeskinkdatums.
►Baie dankie aan ds. Alkmaar Swart vir Maart se Bybelstudie.

MAGALIESKRUIN GEBEDSNETWERK

Ons moedig kleingroepe aan om deel te word van ons gemeente se gebedsnetwerk. Ons het 'n WhatsAppgroep waar ons gebedsversoeke plaas. 'n Lid of al die lede van julle kleingroep kan deel word van dié groep. Neem dan die gebedsversoeke en bid in julle kleingroep oor die sake. Om deel te word, stuur jou naam per SMS na ds. Louis by 082-929-0244. Julle kan ook gebedsversoeke na ds. Louis stuur, wat dit dan op die groep sal plaas.

PASE 2019

VERGIFNIS

Daar is 'n baie goeie DVD reeks deur Bruce Wilkinson (70x7) wat by ds. Alkmaar geleen kan word.

Bybelstudie 1: Lees: Matt 18:21-35

Vrae:

- Hoekom moet ons ander vergewe?
- Kan julle aan minstens drie redes dink?

Lees: Matteus 6:14-15. Is om te vergewe 'n voorwaarde tot ons vergifnis deur die Heer?

Lees v34. Dit kan wees dat jy tans foltering ("*torment*") ervaar. [LW hy het hom nie in die tronk laat gooi nie.] 'n Rede daarvoor kan 'n gesindheid van onvergewingsgesindheid wees. Ondersoek jouself. Gesels hieroor. Kan daar dus 'n konneksie tussen onvergewingsgesindheid en 'n vorm van lyding wees? Kan onvergewingsgesindheid groei tot bitterheid wat weer jou hele lewe infekteer?
Verwag God van ons om dadelik te vergewe? Bv. in 'n misdaad, plaasaanval, verkragting of finansiële korrupsie. Of kan daar 'n vensterperiode wees?
Verwag God van 'n kind wat gemolesteer is, om dadelik te vergewe?
Is daar 'n grens tot waar ons vergewe? Kom daar 'n punt wanneer vergifnis ophou?
Is daar 'n kwota of afsnypunt? Of moet ons 70x7 eerder as 'n leefstyl verstaan?

Lees: Efesiërs 4:32. Moet ons selektief vergewe? Vergewe die Heer enige iemand vir enige iets?

Lees: Romeine 12:17-19. Die Here weet as ons onregverdig gekwes word. Wat is die implikasies hiervan in terme van vergifnis?

Lees: Markus 11:25. Dink julle onvergewensgesindheid beinvloed ons gebede?

Is dit dus nodig om 'n keuse te maak om te vergewe?

Bybelstudie 2: ***Die Here vergewe.*** **Lees**: Matteus 18:23-27

- Wie is die koning in die gelykenis?
- Wie is die slaaf?
- Hoeveel is hy in die skuld? (Die Griekse woord is 'n talent. Dit was destyds die grootste geldeenheid. In die gelykenis beeld dit die grootste bedrag denkbaar uit.)
- Hoe klop hierdie koning se hart (27)? Dit is oorweldigend dat die koning die man vergewe het, nie waar nie?

Lees: Kolossense 2:14.

Dit staan nie in die gelykenis nie maar het die koning nie die skuld nie net afgeskryf nie, maar toe tog self betaal? Ons kan dit tog nie betaal nie! Die skuld het Jesus Sy lewe gekos.

Die man het tog gedink hy kan skuld terugbetaal (26). Hoe gouer ons besef hoe groot ons skuld voor God is, hoe beter. Dink ons nie maar vandag nog ons kan self betaal nie?

Gesels oor God se genade van vergifnis.

Lees vers 33. Hoe kan ons dit regkry om soos die Heer te vergewe?

Ons behoort soos die Heer te vergewe. Ruim. **Lees** Efesiërs 4:32. Iemand het dalk al iets verskrikliks en wreed jou aangedoen. Bid dat die Heer Sy gesindheid van vergifnis in jou sal werk.

Bybelstudie 3

Onvergewensgesindheid kan groei en leliker word. Dit kan oorgaan in aggressie ("*anger*"), bitterheid, verkleineer en skinder ("*slander*"), negatiewe en kritiese ingesteldheid, wrok ("*resentment*"), haat, en wraak ("*vengeance*").

Hoe kan ons uit hierdie afwaartse spiraal kom?

Lees weer Matteus 18:27-35.

Kan julle probeer om die proses of stappe van vergifnis te noem?

Die volgende kan help:

- Open jou hart. Dit sal jou help om voor te berei vir vergifnis. (vers 35)
- Om die ander innig jammer te kry, kan die deur oop kry. (vers 27)
- Laat die ander vry. (vers 27)
- Vergewe elke beskuldiging, aanval, wond, oortreding en waar jy te na gekom is. Wees spesifiek. (vers 27)
- Verander jou gekneusde gesindheid met woorde van guns. (Matt 5:44)
- Wees welwillend. (Efesiërs 4:32)

Skryf die naam/name (al is dit net die voorletters) van iemand wat jy moet vergewe, neer.

Gebed van Bruce Wilkenson:
"*Dear God, please forgive me for my sins that hurt others and myself. I am sorry and I ask You to cleanse me and bless the people that I hurt. Also, please forgive me for the sins I committed, including my unforgiveness, anger, bitterniss, negative self-talk, resentment, self-hatred and trying to make myself pay for what I did through self-vengeance. I thank You for forgiving me for all my sins and failures. Amen.*"

Bybelstudie 4: ***Vergewe jouself.*** **Lees**: Johannes 8:36

Ons kan onsself in 'n tronk toesluit. Skuldgevoelens en selfverwyt kan ons boei. Alhoewel die Heer ons vergewe het, kan ons tog nog in kettings lewe.

Hoekom gebeur dit?

In studie 3 het ons prakties oor die proses om te vergewe nagedink. Dieselfde stappe kan ook hier help:

- maak jou hart oop sodat opgekropte pyn kan uitkom
- wees sagter met jouself. Aanhoudende selfverwyt is hard
- laat jouself uit jou eie gevangenis vry
- vergewe jou foute, tekortkomminge en verlede. Wees spesifiek
- glo en neem Sy vergifnis aan
- vra verskoning en sê jammer aan die wat jy seer gemaak het. Volg vergifnis met versoening op. (2 Korintiërs 5:17-19)
- Petrus word uitgenooi om nuut weer saam met sy Heer te leef. Lees Joh 21:15-19

Bespreek hoe hierdie bogenoemde stappe julle kan help.

Maak hierdie saak in jou binnekamer met die Here uit.

Hoe kan ons mekaar hier help?